



MAAND IN OORSIG | AUGUSTUS 2026

PLAASLIKE MARKTE

- GOEIE MAAND VIR JSE

Die JSE het in Augustus goed presteer – die Indeks van Alle Aandele het 4.3% gestyg (+0.4% jaar tot datum). Die herstel is hoofsaaklik gedryf deur sterk kommoditeitspryse, veral goud- en platinagroepminerale, maar is ook gesteun deur beter sentiment vir bepaalde sektore van die plaaslike mark. Hulpbronne was die uitblikker en die Resi-10 het maand op maand 25.4% (+8.2% jaar tot datum) gestyg. Korporatiewe aktiwiteit het ook die mynbousektor ondersteun, veral Northam Platinum se oorname-aanbod van miljarde rande. In teenstelling hiermee het die finansiële sektor, nywerheidssektor, en die SA Genoteerde Eiendomsindeks onderpresteer.

Die Fini-15 het met 1.7% gedaal (+4.7% jaar tot datum), die Indi-25 het met 5.8% gedaal (-11.2% jaar tot datum), en die Genoteerde Eiendomsindeks het maand op maand 3.9% (+0.1% jaar tot datum) gestyg. Soos op wêreldmarkte, het sterk teenwinde in die laaste handelstydperk van Augustus die JSE beïnvloed. Aankondigings deur die VSA Federale Reserweraad (Fed) en vars spanning in die Midde-Ooste het oliepryse opgedruk. Die rand het in Augustus met 2.6% teenoor die Amerikaanse dollar versterk (+2.7% jaar tot datum), ondersteun deur 'n swakker dollar en volgehoue momentum vir SA se belangrikste kommoditeitsuitvoere.

AngloGold Ashanti (+43.9% maand-op-maand) was die aandeel wat die beste gevaar het gedurende die maand. Die styging in sy prys is aangevuur deur 'n kombinasie van sterk resultate, aggressiewe strategieë vir opbrengste aan aandeelhouers, en 'n hoër goudprys wat deur die loop van die maand \$4 600 per ons oorskry het. Pan African Resources (+42.5% maand-op-maand) – 'n goudmynmaatskappy in die middelmarksegment wat goud ontgin uit sowel ondergrondse myne as aanlegte vir die herverwerking van uitskotmateriaal op die oppervlak – was tweede, gevolg deur Gold Fields (+37.7%).

SPAR Group Ltd (-20.4%) was die aandeel wat in Augustus die swakste gevaar het, aangesien kommer oor korporatiewe bestuur 'n groot demper op beleggersvertroue geplaas het. AECI en Oceana Group het gevolg, met dalings van onderskeidelik 18.4% en 14.1%.

INFLASIE LAER, VERVAARDIGINGSSENTIMENT VERSWAK

SA ekonomiese data het gemeng gebly. Hooflyninflasie het in Julie tot 4.3% jaar-op-jaar verlangsaam vanaf 5.0% in Junie, hoewel kerninflasie, wat die wisselvallige voedsel- en energiekomponente uitsluit, konstant gebly het op 4.2% jaar-op-jaar vanaf 4.1% voorheen. Die jongste Kwartaallike Arbeidsyfers het voortgesette swakheid in die plaaslike arbeidsmark uitgelig. SA se amptelike werkloosheidsyfer het in die tweede kwartaal van 2026 tot 33.6% gestyg vanaf 32.7% in die vorige kwartaal.

SA vervaardigingsentiment het versleg namate 'n verlangsaaming in produksiemomentum op produksie geweeg het en plaaslike vraag onder druk gekom het. Absa se Aankoopbestuurdersindeks, saamgestel deur die Buro vir Ekonomiese Navorsing, het vir 'n derde maand in krimpende gebied gebly.

Die aanwyser het in Augustus tot 45.8 gedaal, vergeleke met 46.8 'n maand vroeër. Die indeks is grootliks afgetrek deur swakker sakeaktiwiteit, met 'n subindeks wat tot 40.2 gedaal het (van 48.8) en op 'n skerp agteruitgang in fabrieksproduksie gedui het.

Dit wil voorkom of SACCI se Sakevertroue-indeks sedert die skerp daling in April 2026 'n laagtepunt van ongeveer 124 bereik het, met 'n lesing van 125.4 in Julie 2026. Die belangrikste positiewe maandelikse invloed op die indeks was danksy gesonde verkope van nuwe voertuie, volumes uitvoergeroedere en laer energiepryse. Hoër inflasie en 'n daling in wêreldpryse vir edelmetale het 'n negatiewe uitwerking op die BVI gehad.

VOERTUIGVERKOPE BEHOU MOMENTUM

Suid-Afrika se mark vir nuwe voertuie het in Augustus 2026 sterk momentum behou, met totale verkope wat jaar-op-jaar met 11.4% tot 57 898 eenhede toegeneem het. Voertuiguitvoere het egter met 11.9% tot 35 091 eenhede gedaal.

Die mark vir nuwe passasiersmotors het in Augustus 2026 41 216 eenhede bereik; dit verteenwoordig 'n toename van 4 269 eenhede, of 11.6%, vergeleke met die 36 947 nuwe motors wat in Augustus 2025 verkoop is. Verkope aan motorverhurlingsmaatskappye het 17.2% van die nuwe passasiersvoertuie uitgemaak wat gedurende die maand verkoop is. Binnelandse verkope van nuwe ligte kommersiële voertuie (bakkies en minibusse) het 13 727 eenhede bereik, wat 'n toename van 1 358 eenhede, of 11.0%, verteenwoordig vergeleke met die 12 369 eenhede wat in Augustus verlede jaar verkoop is.

Verkope in die segmente vir medium- en swaar-kommersiële voertuie het positiewe strukturele dinamika weerspieël. Verkope van medium-kommersiële voertuie het in Augustus 2026 op 805 eenhede te staan gekom – 'n toename van 113 eenhede (of 16.3%) vergeleke met die 692 eenhede wat in Augustus 2025 verkoop is; terwyl verkope van swaar vragmotors en busse 10.1% gestyg.

INTERNASIONALE MARKTE - GOEIE MAAND VIR WÊRELDMARKTE

Augustus was 'n sterk maand vir buitelandse aandelemarkte, met die MSCI World wat 2.6% gestyg het, wat sy jaar-tot-datum-opbrengs op 13.4% te staan gebring het. Hierdie positiewe prestasie het egter 'n skerp toename in wisselvalligheid teen die einde van die maand verbloem namate hernude geopolitiese spanning, hoër oliepryse en verklarings deur die Fed beleggersentiment onder druk geplaas het.

Teen die einde van die maand het hernieuwe spanning in die Midde-Ooste, na Amerikaanse aanvalle op Iranse vuurpylaanjaers, die prys van ru-olie hoër opgestoot, wat bygedra het tot marktkommer. Terselfdertyd het die nuut aangestelde Fed-voorsitter, Kevin Warsh, kommer uitgespreek dat verdere rentekoersverhogings voor die einde van hierdie jaar nodig mag wees. Tegnologie-aandele het groter wisselvalligheid ervaar weens beleggers se fokus op die opbrengste op kunsmatige intelligensie (KI) infrastruktuurbesteding.

In die VSA het die sterk verdienste-seisoen vir die tweede kwartaal van 2026 gehelp om aandelemarkte hoër te stoot. Die drie belangrikste Amerikaanse markindekse het 'n prestasie in twee fases beleef: sterk winste en rekordhoogtes tot in die middel van die maand is gevolg deur 'n skerp terugval namate geopolitieke en inflasieverwante kommer teen die einde van die maand toegeneem het. Nietemin het al drie indekse Augustus op 'n hoër vlak afgesluit. Die tegnologie-gedrewe Nasdaq het met 3.6% gestyg vergeleke met die vorige maand (+13.1% vir die jaar tot dusver), die Dow Jones het 1.4% gestygt (+10.7% vir die jaar tot dusver), en die S&P 500 het met 2.5% gestyg (+12.1% vir die jaar tot dusver).

Amerikaanse ekonomiese data was gemeng. Die algemene inflasiekoers vir Julie het effens verlangsaam tot 3.4% op 'n jaar-tot-jaar-grondslag, vergeleke met 3.5% in Junie, terwyl kerninflasie – wat voedsel en energie uitsluit – tot 2.5% gedaal het, vergeleke met 2.9% in Junie.

EUROPESE MARKTE GEMENG

Europese aandelemarkte was wisselvallig en het Augustus naby rekordhoogtes afgeskop op die rug van sterk korporatiewe verdienste, maar het gekwyn onder makro-skokke aan die einde van die maand (Euro Stoxx 50 +1.0% maand op maand/+13.5% jaar tot datum). Brent-ruolie wat bo US\$90/vat beweeg het, het kommer laat ontstaan oor 'n hernieuwe energieskok en die implikasies daarvan vir inflasie. Duitsland se DAX (+2.5% maand op maand/+7.2% jaar tot datum) het die res van die vasteland uitgestof en 'n nuwe rekordhoogtepunt bereik. Frankryk se CAC het egter gedaal (-2.1% maand op maand/+2.3% jaar tot datum), gebuk gegaan onder swaakteit in luukse aandele na aanleiding van swakker internasionale vraagdata. Julie se eurosone-inflasie het gestyg tot 2.9% teenoor Junie se 2.8%, wat steeds hoofsaaklik gedryf word deur hoër energiepryse. Ten spyte van inflasionele druk het die eurosone-ekonomie beter as verwag presteer en met 0.4% in die tweede kwartaal van 2026 uitgebrei, twee keer so vinnig as verwag.

Britse aandele het nie so waffers gevaar nie en 'n effens negatiewe prestasie aangeteken, met die FTSE 100-indeks wat 0.4% maand op maand gedaal het (+9.0% jaar tot datum). Die indeks het vroeër in die maand kortliks rekordvlakke bereik, ondersteun deur internasionale beleggers wat kapitaal weg van hoogs belowende, wisselvallige Amerikaanse tegnologie-aandele na tradisionele, defensiewe "ou ekonomie" Britse waardebatte geskuif het. Winste laat in die maand is egter deur makro-ekonomiese druk gedemp.

SHANGHAI-INDEKS STYG, HONGKONG LAER

China se aandelemarkte het in Augustus uiteengeloop, met vasteland-aandele wat stewige winste aangeteken het terwyl Hongkong-genoteerde aandele gedaal het. Die Shanghai Saamgestelde Indeks het maand op maand 4.0% (+0.4% jaar tot datum) gestyg, terwyl die Hang Seng-indeks met 1.2% gedaal het (-0.2% jaar tot datum). Hongkong-aandele het onder druk gebly as gevolg van voortgesette swaakteit in die eiendomsektor en onsekerheid rondom 'n dreigende beleidshersiening, wat 'n skerp terugval in eiendomsaandele veroorsaak het. Augustus se amptelike vervaardigingsaankoopbestuurdersindeks (PMI) het verbeter tot 49.8 vanaf 49.2 in Julie, maar het onder die 50-punt-punt gebly wat uitbreiding van inkrimping skei.

In Japan het sake goed verloop, hoewel wisselvalligheid skerp toegeneem het op die laaste handelsdag van die maand. Die Nikkei het maand op maand 3.0% (+31.7% jaar tot datum) gestyg. Julie se hoofinflasie het 1.9% bereik vanaf 1.7% in Junie, die hoogste vlak vanjaar, en het hoofsaaklik 'n toename in energiekoste te midde van die Iran-oorlog weerspieël.

Onder kommoditeite het Brent-ru-olie maand op maand met 0.4% (+48.7% jaar tot datum) gestyg, gedryf deur geopolitieke aanbodrisiko's, hoofsaaklik as gevolg van die voortdurende Iran-oorlog en ernstige skeepvaart ontwrigtings in die Straat van Hormoes. Vinnige voorraadafnames het die aanbod verder verskerp, met Brent-ru-oliepryse wat teen die einde van die maand bo \$90/vat beweeg het. Goud het in Augustus met 9.7% gestyg (+2.8% jaar tot datum), en voordeel getrek uit veilige hawe-vraag te midde van geopolitieke onsekerheid en verwagtinge dat sagter Amerikaanse ekonomiese data 'n meer akkommoderende Fed-beleid kan ondersteun. Goud het op 21 Augustus 'n intra-maand hoogtepunt van \$4 690/ons bereik, voordat dit in die laaste sessies van die maand teruggeval het ná die Fed se aankondigings. Platinagroepmetale het fluks gestyg, gesteun deur vraag-en-aanbod faktore. Platina het maand op maand 9% (-12.8% jaar tot datum) gestyg. *Bronne: Anchor Capital; Naamsa; BusinessTech; SACCI*

HET JY ONS WEBINAAR MISGELOOP?

WEBINAR | 14:00 SAST, 02 SEP 2026



MAGNUS HEYSTEK
DIRECTOR & INVESTMENT STRATEGIST
BRENTHURST WEALTH

THE POWER OF GLOBAL INVESTING



SIEN OPNAME OP YOUTUBE



TONY BELL
CHIEF INVESTMENT OFFICER
THINKCELL



BRIAN BUTCHART
MANAGING DIRECTOR
BRENTHURST WEALTH



JC LOUW
CEO
CUSTODIAN DFM

KONTAK ENIGE VAN ONS HOOGSGEKWALIFISEERDE FINANSIËLE RAADGEWERS BY ONS NEGE KANTORE LANDSWYD OM JOU BELEGGINGSSTRATEGIE TE BESPREEK.

KONTAK ONS
invest@brenthurstwealth.co.za

BRENTHURST KANTORE

Johannesburg	+27 (0) 11 799 8100	Claremont	+27 (0) 21 100 3901
Sandton	+27 (0) 10 035 1391	Stellenbosch	+27 (0) 21 882 8706
Pretoria	+27 (0) 12 347 8240	Val de Vie Estate	+27 (0) 21 100 3901
CPT Granger Bay	+27 (0) 21 418 1236	Southern Paarl	+27 (0) 21 141 4774
George	+27 (0) 44 050 6057	Mauritius North	+230 260 1738
Bellville	+27 (0) 21 914 9646	Mauritius South	+230 484 2175

SATELLIETKANTORE

LIMPOPO:	Ruan Breed +27 82 551 3299
VRYSTAAT:	Iniel Van Zyl +27 72 298 3212
NOORDWES:	Maria Smit +27 79 696 6860
MPUMALANGA:	Marise Reinach +27 72 795 3604
KWAZULU-NATAL:	Arin Ruttenberg +27 84 582 8581

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (Reg Nr: 2004/012998/07) FSP Nr. 7833. Hierdie e-pos en enige lêeraanhegsels wat daarmee gestuur word, is uitsluitlik bedoel vir die geadresseerde(s) en mag wettig bevoorreg en/of vertroulik wees. As u hierdie e-pos per abuis ontvang het, vernietig dit asseblief. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud bekend maak, kopieer, versprei of enige aksie neem gebaseer op die inhoud hiervan nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbode en kan onwettig wees. Die menings en standpunte wat in hierdie e-posboodskap uitgedruk word, is nie noodwendig dié van die bestuur van Brenthurst Wealth Management (Edms) Beperk nie.